education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 12

NASIENRIGLYNE

Junie 2018 **VRAESTEL 2**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 27 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al ses die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

Kopiereg voorbehou

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende nasienriglyn vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
    - relevante verduidelikings gemotiveer word./
    - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
    - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.
    - 'n Treffende argument is **NIE** in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie NIE.**
    - Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

Nog hulp aan die Vrystaatonderwysers:

- Wees asseblief baie versigtig oor wat julle glo en implementeer veral vanaf webtuistes en facebook. Baie van die wenke oor die onderrig en skryf van die literêre opstel/ opstelvraag gebruik nog PIV. ('n Verduideliking wat ek op facebook gesien het, wat 'n verwerking van my aanbieding is, gebruik bv. nog PIV))
- Hou asseblief by die onderrig van gemotiveerde feite. Die beste manier is:

FEIT .....(Afleiding wat gemaak word **nadat** die roman/drama gelees is.	want, maar ,omdat	Motivering/aanhaling/parafrase uit die roman/drama

- Bogenoemde manier is dodelik vir sterk kandidate. Onthou om hier te onderskei, die kandidate voor jou in aanmerking te neem en vir die sterk kandidate die fyner kunsies te leer. **Die nasienriglyne van die opstelvrae is uitstekende voorbeelde van die fyner kunsies.**
- Die inhoud wat vir Vraestel 2 onderrig word, is op bladsye 26 – 28 en 35 in die KABV-dokument. (Dit is nie in die Addendum nie.)

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

"Eerste worp" – TT Cloete

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

Beide kante van die kontras moet in die bespreking genoem word.

Ons/Suider-Afrika het nie bevaarbare riviere nie teenoor die bevaarbare riviere met groot skepe in die Noordelike halfrond/.Versreël 2 en 13: *geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie* teenoor *ons het baie droë lope*
Die riviere van die Noordelike halfrond wat so vol water is dat skepe daarin kan vaar word teenoor die droë oerrivierbeddings van Suider-Afrika gestel./Versreël 2 en 14: *ons het baie droë lope teenoor* en *oerrivierbeddings met ou inheemse name*
Die riviere in die Noordelike Halfrond is breed terwyl die riviere in Suider-Afrika soms net droë lope is./ *geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie* teenoor *ons het baie droë lope*
Verder is Suider-Afrika 'n droë streek/uitgestrekte woestyn terwyl die baie dele in die Noordelike Halfrond baie reën ontvang/Versreël 3 en 10:*die min wolke wat ons het, is yl verspreil/maar ons het uitgestrekte woestyne*
Die Noordelike Halfrond word ook uitgebeeld as 'n streek met baie reën teenoor die droë lope en rivierbeddings met min water , 'n teken van min reën, in Suidelke Afrika./Versreël 3 en 13 en 14: *die min wolke wat ons het, is yl versprei*
Die kontras kom nie net in die natuur voor nie. Die Noordelike Halfrond het groot metropole met 'n hoë bevolkingsdigtheid teenoor Suider-Afrika se uitgestrekte woestyne/Versreël 4 en 10 *ons het nie groot metropole nie* teenoor *maar ons het uitgestrekte woestyne*
Die kontras tussen die bome van die twee streke is ook duidelik. Die Noordelike Halfrond het donkergroen woude teenoor die krom grys bome van Suider-Afrika./Versreël 5 en 11 *Ons is sonder groot donkergroen woude* teenoor en *krom grys bome wat houtbeen vasskop*
Die Noordelike Halfrond/Europa se baie groot name soos Beethoven, Dante, Rembrandt en Brabante word gestel teenoor Suider-Afrika se ou inheemse name/ Versreël 6 en 14: *dun is ons geskiedenis met min groot name* teenoor *en oerrivierbeddings met ou inheemse name*
Die uitgebreide geskiedenis van die ander wêrelddele word gestel teenoor die baie reste na aan die eerste worp – die ryk geskiedenis wat die natuur vertel. (Die jakkals se fossielskreeu, angstjank en primitiewe spotlag)Versreël 6 en 7: *dun is ons geskiedenis met min groot name* teenoor *soos beethoven of dante of rembrandt of bramante*
Dante se letterkunde word gestel teenoor die stories wat Suider-Afrika se plekname vertel. Versreël 7 en versreël 15: *dun is ons geskiedenis met min groot name* teenoor *soos beethoven of dante of rembrandt of bramante teenoor soos gourits en storievertelname soos skrij of kameelsleep en lijersdraai*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

besoekersboek "– Fanie Olivier

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Die spreker maak met die woord *ingekrap* die graffiti in die sel meer permanent.√ Sel se mure/duikweë/stasies/onder brûe√√ *Enige TWEE van bogenoemde*	1 2
2.2	Die vrae spreek universele vraagstukke/kwessies soos die vraag na identiteit/herkoms/verhoudings aan. √ *Antwoorde moet binne konteks gegee word.*	1
2.3	Die gebrek aan hoofletters ondersteun die onbelangrikheid/verganklikheid van die mens. √	1
2.4	"probeer" √	1
2.5	Dit is ironies dat die kind wat die simbool van die toekoms is, siek is/seer hoes √ *Beide kante van die ironie moet genoem word.* Ja die ironie sluit aan by die tema dat die mens sterflik/verganklik/tydelik is. √	1 1
2.6	Skraap beteken dat die spreker moed bymakaar maak om graffiti te laat/skryf/graffiti met 'n skerp voorwerp ingekrap word. √	1
2.7	"huil stomgemaak" is funksioneel omdat dit Christus se hartseer oor sy kinders se vrees vir hulle eie sterflikheid/hulle onbegrip vir die feit dat hulle aardse verblyf nie die einde is nie/hulle pogings om hulleself d.m.v. graffiti te verewig beskryf/beklemtoon. /Christus se verbasing oor sy kinders se onbegrip word beskryf/beklemtoon. √	1
		[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

"oupa Thomas Daniel Granfield"– Ronelda Campher

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Die gedig is 'n elegie, want in die gedig treur die spreker oor haar oupa se dood.√	1
3.2	Sy onthou haar oupa se verjaarsdag. √ Sy sê sy dood is al wat sy regtig van matriek onthou. √	2
3.3	Vergelyking √ (Haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg.") Dit beteken dat die woorde om en om oor haar kop gedraai het. √ Die beeld is geslaag, want dit beeld mooi uit dat haar ma se woorde nie wou insink nie/dat sy nie daarvan kon sin maak nie/dat sy niks gehoor het wat haar ma gesê het nie. √	1 1 1
3.4	Die alleenplasing van versreël 31 is effektief omdat dit beklemtoon dat haar wêreld gaan stilstaan het/omdat daardie woorde haar geruk het/omdat daardie woorde al was wat in daardie oomblik saakgemaak het. √	1

3.5	Dit was vir haar die ergste dat sy steeds kon doen wat sy moes doen/ haar lewe kon aangaan/die lewe aangegaan het. √ Sy kon nie genoeg oor haar oupa huil nie/huil oor wie en wat haar oupa was/wie en wat haar oupa kon wees/oor onregverdigheid. √	1 1
3.6	Die vryeversvorm ondersteun die verteltrant wat die spreker gebruik om haar oupa se dood/die omstandighede daarom te onthou. √	1
		[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"Nog in my laaste woorde"– NP van Wyk Louw

Nr.	Antwoord	Punt
4.1	Die skoonheid /die spreker se geliefde √	1
4.2	Die woordjie "nog" dui aan die aangesprokene/skoonheid/geliefde nog altyd die middelpunt van die spreker se bestaan was. √ Deur herhaling √ en vooropplasing word aan dié woord prominensie gegee. √	1 2
4.3	"In die laaste skeemring van my dink en weet" verwys waarskynlik na die spreker se laaste oomblikke (van sy bewussyn)/na die laaste oomblik voor die spreker sterf. √	1
4.4	Haat, liefde wat min gevra het, ure van niksdoen, nuttelose aksies. √ √ *Enige twee soos in versreël 5-8*	2
4.5	Enige sinvolle antwoord, bv. Om jou familie/geliefde langs jou sy te hê is al wat sal saakmaak; om te weet dat jy 'n goeie mens was, sal jou help om in vrede te sterf. √	1
4.6	Die feit dat die spreker selfs tot in die dood skoonheid kan vind, maak sterf meer draaglik./Die feit dat die spreker se geliefde tot aan die einde by hom bly ("jou hand"), maak die dood meer draaglik. √	1
4.7	Die omgekeerde woordorde/inversie beklemtoon telkens belangrike woorde./begrippe./"nog" wat daarop dui dat die spreker se laaste gedagtes by die geliefde/aangesprekene/skoonheid, skoonheid word./dat die skoonheid nooit versadiging gevind het nie. √ *Enige EEN van bogenoemde antwoorde*	1
		10

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Vraagnr.	Antwoord	Punt
5.1	Die spreker gebruik die woord "nou" √ (wat impliseer dat hy voorheen moontlik ander dinge probeer het om meer gelowig te wees.)	1
5.2	"ek wil" √.	1

5.3	Hy is hooghartig/diskrimineer/ hy tree genadeloos op teenoor mense/hy is selfsugtig/hy sien mense as minderwaardig/dink hy is beter as ander. √ √ *Enige twee* Dit pla hom moontlik die meeste dat sy hart verhard het / dat hy nie meer wakkerlê oor sy sondes nie. √	2 1
5.4	Hy bedoel hy wil hê dat God hom genade moet betoon terwyl hy self geen genade vir sy medemens het nie. √	1
5.5	Verklipte hart – metafoor. √ Dit beteken dat sy hart teenoor sy medemens verhard het. √	2
5.6	Nee, die feit dat hy 'n gebed rig aan God om hom te help om menslik teenoor ander op te tree, wys dat hy nog nie werklik so verhard het dat hy nie omgee oor sy sondes nie. *Die kandidaat kan hier net 'n nee motivering aanbied.*	1
5.7	Dit bind die gedagte, waarin die spreker vir 'n sagter en wyser hart om menslik op te tree vra, tot 'n eenheid saam/plaas die versoek om menslik op te tree in die voorregsposisie. √	1
		10

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleidingsparagraaf, bv.

- **Vanaf Iris se geboorte voel soos 'n buitestander,** want selfs met haar geboorte was haar ma onseker of sy haar hoor skree het./Bl. 1: Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie. **Dit lei daartoe dat sy haar eie fantasiewêreld skep./skep ook haar eie fanatasiewêreld omdat sy onwelkom voel**, want haar ma beskou haar as anders/'n "glips"./Bl. 9: Die keer is dit 'n donker enetjie/bl.26: Iris was 'n glips.
- **Die feit dat sy so êrens in die middel** van die ernstige Elsa en die diepsinnige Kara is moedig haar aan om 'n fantasiewêreld te skep./Bl. 5: Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel ...
- **Net soos wat Elsa met Hannes uitgaan,** neem Hannes se vriend, Riekie, vir Iris uit wat in haar fantasie Richard word./Bl. 17: Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin.
- **Iris borduur op Elsa en Hannes se troue vir Riekie**(die strooijonker) om tot 'n Fransman, Eduard./Bl. 22: Riekie was vanselfsprekend strooijonker, iets wat my koud gelaat het.
- **Iris fantaseer hoe haar en Eduard se verhouding passievol ontwikkel** terwyl Elsa nugter haar huweliksnag saam met Hannes binnegaan, terwyl./Bl. 23: ... ons paar kosbare nagte van passie.
- **Iris besluit om 'n swangerskap in haar fantasie in te bring,** want Elsa raak met 'n glips

swanger./Bl. 28: ... maar in my verhaal sou ek verwagtings, babas en geboorte omskep tot 'n fantasie.

- **Iris skep vir Greta wat swanger** word terwyl Elsa swanger is./Bl. 29: ... hulle bring die nag in mekaar se arms deur.
- **In Iris se fantasiewêreld kondig Greta die kraamproses kalm aan** net soos wat Elsa die kraamproses kalm aangekondig het./Bl. 57: ... toe Greta in die deur van die badkamer verskyn en haar aankondiging doen.
- **Peter en Greta het 'n seuntjie, *Elsa skenk ook geboorte aan 'n seuntjie.*/**Bl. 58: Minute later het die dokter aangekondig dat dit 'n seun was.
- **In haar fantasië gee Greta en Eduard hul seuntjie 'n familienaam** net soos wat Elsa en Hannes hul seuntjie 'n familienaam gegee het./Bl. 67: hy kry die familienaam wat nog 'n kraak maak in Eduard se verweer.
- **Peter se geure, klanke en aanraking het haar fantasieë laat verdwyn** want fantasie en werklikheid het nie in Peter se woonstel oorvleuel nie./Bl. 40: Peter was werklikheid
- **Peter dra daartoe by dat die fantasiekarakters begin verdwyn** want haar verbeeldingswêreld raak oorbevolk./Bl.161: Peter was die werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.
- **Die Engel wat sy opwagting maak/gesprekke met die Engel bring Iris tot nuwe insigte** veroorsaak dat haar fantasiewêreld oorbevolk raak en die fantasiekarakters begin verdwyn./Bl.161: Peter was die werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.
- **Iris besef sy sal vir Peter bo die Engel ('n fantasie) kies** en weet so dat Peter haar keuse vir 'n lewensmaat is./Bl. 220: Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

OF

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG D*ie kwart-voor-sewe-lelie* –Eleanor Baker

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Die aand van die partytjie in die woonstel/ Die aand toe hulle vir die eerste keer seks gehad het./ Die aand van hul eerste ontmoeting √	1
7.2	Die werklikheid saam met Peter is beter as enige fantasie. √	1
7.3	Hulle kommunikeer nie goed met mekaar nie. √ Peter stuur vae poskaarte na Iris om haar na Amerika te nooi./ Iris en Peter kommunikeer min gedurende die tydperk wat hy in Amerika is./ In Vermont luister Peter nie na Iris wanneer sy sê dat haar enkel gebreek is nie. √	1 1
7.4	Iris is 'n los/maklike meisie./ongeërg oor seks./'n meisie wat agter mans aanloop. √ Iris het die eerste aand van hul ontmoeting seks met Peter. Tydens hulle eerste ontmoeting by die partytjie tel sy haar handsak op en loop letterlik en figuurlik agter Peter aan. Sy swem kaal saam met hom in die swembad. Sy gaan agter Peter aan Amerika toe. Hulle deel 'n kamer in New York en Vermont. √√ *Die kandidaat verskaf TWEE voorbeelde*.	1 2

7.5	"Ek" √ Sy is 'n geloofwaardige verteller wat haar eie storie vertel en egtheid aan die gebeure verleen. Dit is net deur Iris wat die leser haar fantasiewêreld kan beleef. Iris as verteller verrig ook die funksie van fokalisator en verhaalkarakter. √√ *Die kandidaat verskaf TWEE redes*.	1 2
7.6	Iris is mnr. Bruwer se engel. √ Mnr. Bruwer se verwagting is vervul, want sy hou sy hand letterlik vas./ Mnr. Bruwer se verwagting is nie vervul nie, want sy was tydens Peter se besoek nie daar om sy hand vas te hou nie. √ Die Engel is Iris se engel. √ Iris se verwagting is nie vervul nie, want hy sê hy is nie haar "loopring" nie./ Hy kan nie keer dat slegte goed met haar of ander gebeur nie./ Hy kan nie die toekoms voorspel nie.√	1 1 1 1
7.7	Peter is terug Amerika toe.√	1
7.8	In Teks A is hy geïrriteerd met Iris se fantasiewêreld. In Teks B aanvaar hy die Engel/is hy gemoedelik teenoor die Engel. √√	2
7.9	Sy is nou nog meer eksentriek deur aan te sluit by die groep wat hulle Die Spieël noem /wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme/met voorvadergeeste gesels. √	1
7.10	Die Engel het nie sy werk as beskermengel gedoen om Peter te beskerm nie./Iris voel dat die Engel die sweisapparaat kon doodblaas √	1
7.11	Iris dink aanvanklik dat 'n mens se blomtyd beperk is tot een geleentheid/'n magiese oomblik in jou lewe, √ maar teen die einde van die roman besef sy dat die realiteit van die alledaagse ook 'n blomtyd inhou. √ "Dis amper tyd."√	2 1
7.12	Ja. Sy is tuis in haar ouerhuis, getroud en omring deur almal wat vir haar dierbaar is: Peter, Johanna, die Engel en Polder./ Dit is 'n bekende ruimte, daarom voel sy geborge./ Sy voel nie meer uitgesluit uit die ruimte soos toe haar susters en ouers nog saam met haar daar geleef het nie. √√ OF Nee. Die ruimte het nie tot haar selfversekerdheid bygedra nie, wel die Engel wat haar gehelp het om tot insig te kom. Iris se reis na Parys en Amerika het haar gedwing om selfstandig te word. Iris het in Vermont die besluit geneem om haar lewe saam met Peter te slyt, dié twyfel is uit die weg geruim of Peter die regte keuse is. √√ *Die kandidaat gee sy eie gepaste motivering. Die motivering verdien die punte, twee redes vir twee punte.*	2

7.13	Die slot is geslaagd, want Iris besef dat elke dag 'n blomtyd bied. √ OF Die slot is nie geslaagd nie, want Iris wag nog steeds dat die lelie blom./sy word 'n voorstedelike huisvrou. √	1
		25

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

VRAAG 8:*MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Alhoewel die nasienriglyn nie van 'n aanhaling uit die roman voorsien is nie, mag dit ook gebruik word om 'n feit te motiveer.
- Die argumente kan ook met aanhalings uit die roman gemotiveer word.

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Baas het reeds as laerskoolkind tyd saam met sy pa in die Houtboschberg in die woude deurgebring** en daarom berei dit hom voor vir sy toekoms in die bosagtige Barotseland.
- **Gedurende die skoolvakansies roei hy dae lank op die Ebenezer-dam saam met sy Noord-Sotho jagmaat,** en dít en die legendes oor sy oupagrootjie plant ’n saadjie in sy hart om ook eendag op die Zambezi ’n boot te laat vaar.
- **Baas het ook saam Ngwako, sy Noord-Sotho jagmaat, en die jaghonde die spoor van o.a. bosvarke,** gevat sodat dit later in Zambië vir hom goeie jagervaring was.
- **Baas se ouers verhuis later na Zimbabwe (Suid-Rhodesië).** Hy loop hom daardie tyd in die vryheidstryd vas en sluit gevolglik by die Selous Scouts aan om teen die vryheidsvegters te veg.
- **Alhoewel Baas in ’n Christelike huis grootword, raak hy afvallig**, want die dood van sy ouers aan die hand van die vryheidsvegters op hulle plaas, Sable Ranch, maak hom verbitterd.
- **In Rhodesië verloor Baas al sy besittings, insluitend die plaas**, daarom besluit hy om na Houtboschberg in Suid-Afrika terug te keer.
- **In hierdie omgewing besef Baas dat hy sy familie in dié omgewing “ontgroei” het**, en daarom besluit hy om sy kleintyd se drome oor sy oupagrootjie te volg en sy drome van ’n pontboot op die Zambezi na te volg.
- **Baas vertrek na Botswana en werk as toergids**, wat hom laat besef wat die waarde van toerisme in hierdie area is.
- **Sy jeugbelangstelling in sy oupa se omswerwinge in Barotselandlei daartoe** dat hy ’n boot koop en sy werk as toergids bedank om Barotseland toe te gaan.
- **Die horings wat Baas rondom sy kamp vaskap bevestig sy “baasskap**”. Dit is simbolies van sy eienaarskap in sy omgewing.
- **Wanneer Baas aan die einde van die roman die horings bokant die Manaka-naambord vaskap** is dit asof hy sy plek uitbrei na die boonste helfte waar die kerk herbou word.
- **Dit wys dat hy nie net die “baas” van Manaka is nie**, maar Manaka die plek van geestelike versorging vir die gemeenskap is en hy ook die geestelike leier is.
- **Wanneer Baas aan die einde van die roman die bankies van sy oupagrootjie onder die worsboom herbou, word die Christelike ruimte deel van Baas** nou sien hy sy taak by Manaka in ’n ander lig: as iemand wat met ’n doel na Manaka gestuur is, nl. om te verseker dat die Woord nog steeds by Manaka verkondig sal word.
- **By Manaka kry Baas weer sekerheid van geloof** wanneer hy by ouma Essie se siekbed bid. “Dis ook in Barotseland wat ’n mens maklik ’n Christen word,”
- **Wanneer Grace aan Baas sê: Omdat jy jou afhanklikheid van God besef,** besef Baas hy is ’n Christen as hy “omgee vir ander./Baas besef “jou drome is die drome wat die Here vir jou gee.”
- **By Manaka word Baas ook gekonfronteer met misdaad** wanneer Riekert Baas wil oorhaal om by diamantsmokkelary betrokke te raak, maar Baas stel nie belang nie.
- **Korrupsie en nepotisme is kenmerkend van Afrika,** maar Baas loop ’n reguit pad wanneer Kebbey hom wil omkoop om sy boot – en verblyfkonsessie te behou om ’n moontlike vennootskap in sy pontbesigheid.
- **By Manaka loop Baas hom ook vas in tradisionele gebruike, soos die toordokter Chisupo wat glo witmense neem sy krag weg en daarom in sy wraak teen Blankes die kerk afbrand en die toue van die bootstellasie lossny**
  en byna Baas se drome vernietig.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan. **25**

VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Derdepersoonsverteller/Alomteenwoordige verteller/Alwetende verteller. √ Die leser kry insae in die gedagtes en gemoedstoestand van verskillende karakters op verskillende tye en plekke. √	1 1
9.2	Ja, Baas is verbitterd oor die moord van sy ouers op Sable Ranch√ en het afvallig van God geword. √	2
9.3	Oom Scholtzie √ Oom Scholtzie was een van die sendelinge en glo die Here het 'n plan met Baas se teenwoordigheid op Manaka/Oom Scholtzie se antwoord dat daar in elke mens se lewe 'n tyd kom dat jy gebed nodig het, laat Baas oor Christenskap wonder. √ Ouma Essie √ Dis jou reg om 'n Christen te wees wat van jou 'n Christen maak./Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee./Dis om te gee vir ander en die besliste wete waarheen jy gaan in die hiernamaals. √	1 1 1 1
9.4	Oom Scholtzie het pas aangebied om 'n gebed vir Baas te doen, maar Baas wys dit van die hand. √ Grace besef dat oom Scholtzie oor Baas se geestelike lewe bekommerd is. √ Hy is vies vir oom Scholtzie/gee nie om vir godsdiens nie/hy worstel met vrae oor sy eie geloof. √	2 1
9.5	Baas en Grace is ook nooit ver van mekaar af nie. √ Baas en Grace gaan 'n perfekte paartjie maak. √	1 1
9.6	Gemeensaamheid/Rustigheid √ Gewydheid √	2
9.7	Baas help mense ten koste van homself. √ (Bv. malariapille wat hy aan Grace gee/vleis wat hy verskaf/kos wat hy aan hongeriges uitdeel.)	1
9.8	Die Khuta verwag van Baas om vir hulle 'n aandeel in die vleis wat hy verkoop, te gee./Baas moet meer besigheidsregte betaal/om hulle met vleis en geld te help./Die Khuta verwag van Baas om ook aan hulle kos te verskaf. √ Hy gaan agter sy oupagrootjie se voetspoor aan om Manaka te gaan opsoek√ en sy oupagrootjie se droom van 'n boot op die Zambezi te verwesenlik. √	1 2
9.9	Moenie moed opgee nie, maar hou aan om jou droom te volg. √	1
9.10	Die band/verhouding tussen hulle word sterker./Baas neem Grace in sy vertroue. √	1
9.11	Sy droom om 'n pontboot te bou./ Hy het die sendingstasie herbou./ Hy het die bankies onder die worsboom herbou./ Hy het sy oupagrootjie se goeie werk wat hy op Manaka gedoen het, voortgesit. √√ (*Enige TWEE*)	2

9.12	Baas/Skoenlappervanger √ Nee, want hy is nie baas op Manaka nie; die Khuta is baas/ Baas wil nie die leier wees nie, maar word Baas genoem/Hy was nie suksesvol om skoenlapper te vang nie.	1 1
		[25]

OF

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- Die woord “vatmaar” is ’n aanduiding van die gemeenskap se ingesteldheid ten opsigte van ander se besittings en wat diefstal is of nie. Dit is egter nie net Vatmaar se gemeenskap wat hul hieraan skuldig maak nie, maar ook die Britte en die Boere.
- Oom Chai en Corporal Lewis het die buit uit die Boerehuise gevat, want dit sou in alle geval in vlamme opgegaan het en vernietig gewees het./Bl. 7: En voor die wa vertrek het, moes ons, die boys, die plaashuis aan die brand steek.
- Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as “vatmaar-goed” beskou, want dit is reeds deur die Britse soldate en nie Oom Chai-hulle nie, afgevat./ Bl. 9: ... soos wat die orders van die Queen gesê het.
- Die boumateriaal wat uit die plaashuise verwyder is, is as “vatmaar-goed” beskou, want dit het vir ’n groepie arm mense iets gegee om ’n bestaan mee te maak./Bl. 21: Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.
- Hulle het die gebruik/neem van ander se goed nie gesien as steel nie, want hulle het dit net gedeel/vir ’n wyle geneem./Bl. 3: Ons kon nooit weerstaan om ’n draai met anderman se bicycle te ry nie.
- Tommy Lewis vat eenvoudig Nellie se maagdelikheid van haar weg, want hy het haar net gebruik vir sy plesier en wou nie verantwoordelikheid aanvaar nie./Bl. 116: ... en lat hy met my kan doen net wat hy wil, .../Bl. 117: Then you can say that he did it to you.
- Met Tant Wonnie se terugkeer na haar huis na Sannah Vosloo se dood was al haar besittings uit haar huis gevat, want Vatmaar se mense het nie respek vir ander se besittings gehad nie./Bl. 136: Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. ... Alles wat binne was, was geplunder.
- Bennie O’Grady het skape gesteel, want hy het ’n swakheid vir vleis gehad./Bl. 167: Op ’n reëndag het hy weer ’n skaap uit ’n boer se kraal gesteel.
- Reverend Cobb het oom Hendruk se Sondagpak gedra, sy sakhorlosie gevat en met sy fiets gaan huisbesoek doen, want oom Hendruk was in die tronk vir onwettige diamantbesit en het vir die predikant gesê waar sy huissleutel is./Bl. 177: Ek het Oom Hendruk toe die sleutels van sy kamer gevra sodat ek sy goed na die pastorie kan neem tot ons mekaar weer sien.
- Johnny September steel sy vrou se ring, want hy wil dit verkoop om geld te kry./Bl. 188: So hy is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het.
- Die Septembers eien Tant Wonnie se gemmerbier vir hul toe, want hul vra net ’n slukkie, maar drink die hele bottel leeg en gooi dit weg./Bl. 189: ... kan my Settie ’n bietjie gemmerbier kry? ... Sy het die bottel omtrent halfleeg gedrink ... Hy het die res in sy keel afgegooi ...
- Boitjie eis Bettie en oom Chai se besittings op, want hy weet Oom Chai is ’n vermoënde man./Bl. 282: Hy het met sy gat in die botter geval.

[25]

- Brittanje wou die Zuid-Afrikaansche Republiek annekseer, want die Republiek het die rykste goudriwwe ter wêreld gehad./Bl. 14: South Africa is now part of the British Empire.Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.
- Die Britte het plaaswonings en plase vernietig en afgebrand, want hulle kon nie konvensionele oorlogstegnieke teen die Boere gebruik nie./Bl.197: Die Rooinekke kon nie by die Boere kers vashou as dit by skiet kom nie. Die Engelse het dus die Boere se plase afgebrand ...
- Die Griekwas het hulle kultuur verloor, want die Engelse het hulle gekersten en verwesters./Bl. 93: ... ons geleer om ons toe te maak ...
- Die Engelse het eers by die Griekwas gesteel en toe tronkstraf ingebring, want hulle wou hulle leer om nie te steel nie./Bl. 93: ... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.
- 'n Treinwatertenk word deur Ta Vuurmaak vir hom toegeëien, want die Boere het 'n Britse treinwatertenk vol gate geskiet./Bl. 10: ... die groot treinwatertenk ... wat die Boere vol gate geskiet het?
- Van die Boere het die grond en besittings wat aan die Griekwas behoort, geneem, want hulle wou die beste hê en het die Griekwa nie as mense beskou nie./Bl. 9: Toe het hy die beste weiding in die land begin vat ... Ons is nie mense nie, het die witmense gesê.
- Die Boere se aanvanklike toe-eiening van plaasgrond en stigting van Boere-republieke kan ook as 'n vorm van "vatmaar" gesien word, want nie almal het die grond van die oorspronklike swart bewoners gekoop nie./Bl. 91: ... het diep die veld ingery en sommer net gevat wat hulle wou sonder om enigiets in ruil te gee.
- Al drie die partye het eenvoudig besittings vir hulle toegeëien sonder om aan die gevolge vir die ander party te dink./Vatmaar se mense wat Tant Wonnie in uiterste armoede laat nadat hul haar besteel het; die Britte het die vroue en kinders eenvoudig na konsentrasiekampe gevat en in haglike omstandighede laat leef en die Boere het die Boesmans se land eenvoudig gevat sonder om te dink wat van hulle daarna moet word.
- Al drie die partye het 'n ander skade berokken, bv. die Septembers berokken Tant Wonnie skade; die Britte berokken die Boere skade deur hul plase te neem en die Boere berokken die Griekwas skade deur hul vee eenvoudig te vat.
- Vatmaar se gemeenskap se toe-eiening is heelwat minder skadelik as die manier waarop beide Boer en Brit hul aan beslaglegging van o.a. diamantvelde deur Brittanje; buiting van vee deur beide Boer en Brit; uitbuiting van vroue en kinders in Britse konsentrasiekampe en verowering van land deur beide skuldig gemaak het.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Die Queen verklaar oorlog teen die Boere en oom Lewies en oom Chai het vir die Queen geveg./ Tydens die Britte/Queen se oorlog teen die Boere (die Anglo Boere-oorlog) was hulle aan die Queen se kant./ Tydens die oorlog was oom Lewies 'n korporaal vir die Britte/in die Queen se weermag en Oom Chai was een van die Queen se Cape-boys.√	1
11.2	Mnr. Walker het aan Oom Chai werk by die landmeter gegee EN George Lewies het die plan van Oom Chai aan kaptein Walker oorgedra. √√	2
11.3	Teen die agtergrond van bruinmense in Suid-Afrika se belewing in 'n nedersetting./Vatmaar se arm, eenvoudige, ongeslypte mense./mense wat na die Anglo-Boereoorlog in een nedersetting saamgesnoer is./werkloos is.√ Nee. Want die stereotipering dat almal dieselfde/dronk tydens werktyd is, is nie hoe al die mense in Vatmaar/Du Toitspan geleef het nie. √ Apartheidswandade het hieruit voortgespruit. √	1 1 1

11.4	Die titel suggereer jy neem sonder dat iets aan jou behoort en Oom Chai se woorde dui daarop dat George Lewies vir Ruth moet vat (in 'n saambly-verhouding) sonder dat hulle hoef te trou. √√	2
11.5	Hy het vir Ruth se trourok geld gegee, maar gevra niemand moet vir George daarvan sê nie.√	1
11.6	Hy kan nie in Du Toitspan woon nie. √ Liefdeloosheid √	2
11.7	Oom Chai ken die gebeure die beste aangesien hy deel daarvan was.√	1
11.8	Hy het sy familienaam in ere herstel./Hy het Bettie se naam in ere herstel./ Hy het vir Bettie en haar kind 'n huis gegee. √√ Hy maak sy voorkoms jonger (dra nie meer kruisbande nie; knip snorpunte af)/ Hy kuier saans saam met die jongmense./ Hy is die voorbok by die dansery/hy koop plate en 'n gramophone/ grammofoon. √ Dit is ironies, want sy huwelik word nie gered nie en hy betaal met sy lewe daarvoor. √	4
11.9	Ouma Drieka het gesê dat Oom Chai 'n vuilgat is. √ Die mense van Vatmaar het vir sy nuwe (jonger) voorkoms gelag. √	2

11.10	Ruth het uit liefde met George getrou √ teenoor Bettie wat met Oom Chai getrou het omdat hy blykbaar welaf is/'n pa vir haar seun kon wees/sy nie vir 'n tweede keer 'n vrou met 'n slegte reputasie wou wees nie. √ Ruth se troue sluit aan by die tema van liefde oor die kleurgrens. √	3
11.11	Hy het 'n sokkerspan gestig wat die inwoners iets gegee het om te doen./sy beeld verbeter het. √ Kenny het hom help. √ Kenny het Boitjie die brief wat hy (Kenny) aan die dorpsraad geskryf het, in sy handskrif laat oorskryf. √	3
11.12	Bettie wou nie haar hartseer aan die dorpsmense wys nie. √	1
		25

***ONDERWÊRELD*– Fanie Viljoen**

VRAAG 12: *ONDERWÊRELD*– OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Alhoewel die nasienriglyn nie van 'n aanhaling uit die roman voorsien is nie, mag dit ook gebruik word om 'n feit te motiveer.

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

- **John het sy eie lewe geneem en daarom verhoog die druk** op Greg. Greg moet nou soos John aan sy pa se verwagting voldoen: Hy moet hoofseun van Lawson Kollege en die eerste rugbyspankaptein wees.
- **Om Greg se familie tevrede te stel word hy tot hoofseun en eerste rugbyspankaptein verkies, maar deur die verhaal blyk dit dat hy dit nie regtig verdien nie**: Hy is nie opreg nie, het nie regtig respek vir sy onderwysers nie en dan laat hy sy span in die steek as hul teen Durban Boys High moet rugby speel.
- **Omdat Greg hoofseun word om sy familie/pa tevrede te stel is hy nie n ware hoofseun nie**, want hy laat hom maklik deur Eckardt beïnvloed/drink 'n bier saam met Eckhardt/en laat Ekchardt hom in die kuberkrakerwêreld intrek.
- **Die druk wat Greg se pa op hom plaas** lei daartoe dat hy ingetrek word deur die kuberkrakery./kuberkrakers./Eckardt./baie van sy pligte versuim./aanhoudend diensbeurte uitruil./onttrek van sy skoolvriende./Greg se skoolwerk begin verswak.
- **Greg se pa het baie druk op hom geplaas om leierskapposisies te beklee, maar hy is nie 'n suksesvolle hoofseun nie**, want hy word deur Dok Pienaar aangespreek oor die VRL se dissipline./moet met die groep daaroor praat./hy reël ook nie die VRL-vergaderings nie, maar is vies as Kwanele dit doen.
- **Greg se pa is streng en verwag baie van Greg**. Greg voel soos 'n kloon van sy pa en dat sy pa verwag hy moet in sy pa se beroepsvoetspore volg.
- **Die familiedruk op Greg maak hom opstandig**. Hy **rebellee**r teen Lawson Kollege en

die feit dat hul as rykmanseuns slegs klone van hul pa's is en nie regtig hul eie mense kan wees nie.

- **Greg voel hy word nie regtig deur sy pa aanvaar nie.** Hy en sy pa kommunikeer swak omdat hy altyd met werksake besig is en baie min tyd afstaan om werklik na Greg te luister.
- **Sy ma moet vir hom sê dat sy pa vir hom lief is** en dan dink hy ook sy sê dit slegs om te verhoed dat hy wat Greg is ook sy eie lewe sal neem soos wat John gedoen het.
- **Greg het 'n skuldgevoel teenoor sy pa.** Selfs as sy pa se bedrogspul aan die kaak gestel word, is Greg spyt hy het sy pa in die steek gelaat.
- Greg is ook baie bang vir sy pa en **daarom verdraai hy dikwels die waarheid sodat hy nie sy pa teleurstel nie.** Hy vervals sy eerstekwartaalrapport.
- **Die bedrogspul waarin sy pa betrokke geraak het**, het veroorsaak dat Greg deur Eckardt gebruik is.
- **Greg en sy ma Rina is baie op mekaar aangewese**. **Greg voel oorbeskermd** teenoor sy ma en sy weer wil ten alle koste **verhoed dat Greg John se selfmoord moet herhaal**.
- In die telefoongesprekke met sy ma en ook in Greg se gedagtes kom die leser agter dat Greg **baie jammer vir sy** ma is. Sy word dikwels alleen gelaat en al kom sy pa huis toe is hy steeds meestal met werk besig. **Greg sien sy ma se hartseer en haar eensaamheid raak.**
- **Hy wil graag die beste vir sy ma hê**, want hy weet sy het nie 'n maklike lewe in die valse rykmanswêreld nie.
- **Sy ma is ook die een wat hom elke kwartaal terugneem na Lawson Kollege** waar sy aandring om sy klere vir hom uit te pak en te sorg dat sy kamer reg is.
- **Om op te maak vir die foute wat hul maak en omdat hul skuldig voel oor hul foute oorlaai beide ouers vir Greg met geld.** Bewyse daarvoor is die seevakansie en ook die feit dat Greg sy eie skootrekenaar het terwyl daar voldoende rekenaarfasiliteite in die koshuis is.
- **John, Greg se ouer broer, hoofseun van Lawson Kollege en rugbykaptein, neem sy eie lewe** en Greg voel verplig om die leemte wat sy broer gelaat het te vul.
- **John was lief vir ekstreme sportsoorte en het Greg daarby betrek**; daarom kon Eckardt Greg so maklik oorhaal om betrokke te raak by kuberkrakery.
-

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot

Vraag 13

		Punt
13.1	Die verhaaltitel is Onderwêreld en in Eckardt se kamer het Greg die onderwêreld van kuberkrakery leer ken.√	1
13.2	Eckardt het verdwyn en die kamer is gesluit sodat die speurders daar vir leidrade kan soek.√	2
13.3	Greg is bang dat Eckardt ook soos sy broer, John, sy eie lewe geneem het.√/(Eckardt laat Greg baie aan John dink.)	1
13.4	Het Eckardt sy eie lewe geneem? √ Waar is Eckardt?√ *Die kandidaat kan ook ander vrae aanbied.*	2
13.5	Greg het 'n e-pos met 'n vervalste e-posadres na sy pa se koerant gestuur.√ Geen berig oor Eckardt het in die koerant verskyn nie. √ Dok Pienaar, √ Dok en Greg se pa is kop in een mus omdat Greg se pa die mediareus Turett Media besit, kon hul 'n stokkie voor die plasing van die /verhoed dat berig	1 1 1

	steek/verskyn./die verskyning van die berig keer. √	1
13.6	Hy weier om aan die rugbywedstryd deel te neem omdat die skool niks aan Eckardt se verdwyning doen nie.√ Eie opinie met motiverings uit die roman. √ Hy is 'n lojale vriend/ hy gee om vir sy ma/ook ander√	1 1 1
13.7	Die foto van Eckardt se pa, ma, broer en suster/Eckardt se huisgesi. √	1
13.8	Greg se pa√ Hy besit die mediamaatskappy en moet inligting oor die virus-sterftes publiseer sodat die lesers en gemeenskap paniekerig raak en graag inentings wil ontvang.√ Sy maatskappy Turett media het in geldelike verknorsing beland.√	1 1 1
13.9	In beide die tekste is hy bang/ angstig/ervaar hy vrees.√ Ja, bv. Greg is bang dat Eckardt ook sy eie lewe sal neem.√ Greg besef sy pa het deel aan die Nursery Rhyme Project (die voëlgriepbedrogspul).√	1 1 1
13.10	Eckardt toe hy elf jaar oud was. √ Sy pa het met 'n rewolwer by sy lessenaar gesit en Eckardt het gevrees dat sy pa homself gaan skiet. √	1 1
13.11	Greg sal sy pa vergewe omdat ook hy 'n fout gemaak het deur te kuberkraak./ Geld sal nie meer 'n faktor in hierdie gesin se lewe wees nie /ook ander antwoorde √	1
13.12	Die alomteenwoordige en ek-verteller wissel. √ Baie effektief, want met die gebruik van die alomteenwoordige verhoog spanning bv. Eckardt se verwyning terwyl geloofwaardigheid weer versterk word met die ek-verteller. √	1 1
		25
	TOTAAL AFDELING B:	**25**

EN

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.

- **Johnnie is verbitterd** omdat hy ten spyte van sy matriekkwalifikasie nie ’n goeie werk kan kry nie./Bl. 31: ‘it was alles vir whites only …
- **Johnnie Jacobs sluit by bendes aan** omdat hy gevoel het dat hy iewers wil behoort./Bl. 31: 'Cause ek wil somewhere ge-belong het?
- **As bendelid kry Johnnie Jacobs die naam Map** omdat hy vol tatoeëermerke is wat ’n sigbare teken van sy lewe as gewelddadige bendelid en -leier is./Bl. 45: 'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ... jou history en jou geography, jou ... alles!
- **In die bende toon Map leierseienskappe** omdat hy die leier van drie bendes was./Bl. 32: Ek was altyd die leader ...
- **Aanvanklik neem Map nie verantwoordelikheid vir sy dade (toestemming verleen) nie** omdat hy verskonings aanbied soos die donker en dat hy slegs toestemming vir roof verleen het./Bl. 33: Daai's al order wat ek gegie het, as die leader ... innie begin, ek …
- **Tydens die verkragting besef Map wie die vroue is en hy tree anders as die bendeleier op** omdat hy vir Ivan Philander van die vroue aftrek./Bl. 34: Die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás 'it nie. Ek swaai hom net van haar af, ...
- **Map neem verantwoordelikheid vir sy dade** omdat hy na die polisiestasie gaan en homself oorgee./Bl. 35: Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...
- **Map dra egter nie die gevolge van sy vorige dade as bendelid en -leier nie** omdat hy hom slegs oorgegee het vir Ivan Philander se dood./Bl.35: Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net.
- **Map as karakter ontwikkel terwyl hy in die tronk is**, want Apostel George het gehelp dat hy hom bekeer./Bl. 10: Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring ...
- **Map erken/bely dat hy voorheen verkeerd opgetree het** omdat hy teenoor Antie Grootmeisie erken dat Cavernelis reg was in sy oordeel van Map/Bl. 11: Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!
- **Map noem dat Blanchie (en by implikasie die ander karakters) nie meer bang vir hom hoef te wees nie**, want hy het verander (het as karakter ontwikkel) en tree nie meer soos ’n bendeleier/-lid op nie./Bl. 10: ek is 'n anner man, ôldou ek is of course oek nog Map Jacobs ...
- **Map bely dat hy nou bevry is** omdat hy ’n kind van die Here geword het./Bl. 10: Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry!
- **Apostel George sê aan Antie Grootmeisie dat Map verander het,** want hy het nou die Here in sy lewe toegelaat./Bl. 28: Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom ge-verander!
- **Map het na sy bekering verander sodat hy weer die seun is wat Antie Grootmeisie geken het**, want hy het die verkeerde in sy lewe afgelê./Bl. 29: Map Jacobs kom huis toe, missies Jacobs, dieselfde Map Jacobs, maar nie dieselfde Map Jacobs nie, want hy is skoon gewas ...
- **Met die terugflitstoneel in die tronk dink Map aan sy en Blanchie se verhouding en hy dink aan die naam Johnnie**, want dit dui op die moontlike terugverlang na die onskuldige dae toe hy nog as Johnnie bekend gestaan het./Bl. 15: Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ... Johnnie ...
- **Map lê die lewe van die misdadiger af,** want hy wil die waarheid oor die aand se gebeure vertel sodat hy volkome genade kan ontvang./Bl. 29: lat ek moet ytpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was ...
- **Map het anders as die bendeleier die genade van die Here gevra/beleef**, want Map bely die verkeerde wat hy gedoen het en vra die Here om hom te verander./
  Bl. 30: So ek moet sê: Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes

wat U wil!

- **In die tronk het Map se karakter so ontwikkel dat sy gedrag ten goede verander het** en hy vir parool in aanmerking geneem is./Bl. 9: Sy sê parole is nou due vir my ...
- **Map het ontwikkel na iemand wat verantwoordelikheid vir sy verkeerde dade/besluite neem**, want hy bely teenoor Antie Grootmeisie en vra haar om verskoning./Bl. 45: Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles ...
- **Die verwagting wat gekoester word van wat Map aan die karakters/gemeenskap sal doen wanneer hy vrygelaat is, realiseer ook nie teenoor die Kersorkes/Krismisorkes (bl. 35) nie**, want hy noem dat hy daarop voorbereid is. Die "ou" Map sou teen die persone opgetree het indien hy te na gekom word, hy het dus as karakter ontwikkel./Bl. 46: Ma! Die band net so, Oompie Paulsen-hulle ... even hulle net so, dieselde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee ...
- **Nadat Map aanvanklik (as Johnnie) voel dat hy te goed is om 'n messenger te wees, verander sy ingesteldheid**, want hy is nou bereid om enige soort werk te doen./Bl. 10: Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is …
- **In Map se gesindheid teenoor die werkgewers het hy karakterontwikkeling ondergaan**, want waar hy hulle voorheen as white bastards uitgeskel het, bly hy nou taktvol stil teenoor die werkgewers wat hom nie 'n kans wil gee nie./Bl. 45: maar dan bly ek stil ... banggat wat ek is, dan bly ek stil.
- **Map noem dat hy nie meer die ou is wat Blanchie op skool geken het nie**, want hy het verander./Bl. 46: ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword ...
- **Map kom tot die insig dat hy nie vir Blanchie kan blameer vir die aborsie nie,** want hy is self 'n misdadiger en het nie die reg om te oordeel nie./Bl. 46: jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niets ... soes niks ...
- **Blanchie noem Map op sy oorspronklike naam, Johnnie**, want sy ken hom as die goeie man op wie sy verlief geraak het en hy is weer daar om haar te ondersteun./Bl. 59: Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ...
- **Die roman eindig met die woorde van Antie Grootmeisie waar sy hom op sy geboortenaam noem,** want Map het karakterontwikkeling ondergaan en hy is nou nie meer Map die bendeleier nie./Bl. 62: Johnnie ...

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

25

OF

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Na die onsekerheid oor wat om te verwag na Map se vrylating./ Na hulle vrees vir Map se vrylating./ Na Map se reaksie as hy van die "crush" op Blanchie hoor.√	1
15.2	Tommy ken al die skinderstories, maar hy het nie geweet dat Richie 'n gevoel vir Blanchie het nie. √	1
15.3	Jy kan die modelbase nie vertrou nie. Nadat jy gebruik is, word jy weggegooi. Beloftes is goedkoop om te maak. Blanchie het nie daar gehoort nie. √√ *Die kandidate kan enige TWEE redes aanbied vir TWEE punte.* Cavernelis word betrek omdat hy beskuldig word dat dit sy skuld is./sy vriende oor die kleurgrens kan nie vertrou word nie./hy verblind is in sy strewe om uit	2

	die township te kom. √ Die huisgesin is verneder.√	1 1
15.4	Blanchie is nou bekommerd oor wat met Cavernelis gebeur het nadat hy weggestap het √ terwyl sy aanvanklik vir Cavernelis geskree het dat alles sy skuld was. √	2
15.5	lanchie het hom op skool as Johnnie leer ken./Sy het bly glo dat hy die onskuldige seun is wat sy op skool leer ken het./Sy het geweier om sy naam van Map te aanvaar. √ Nee. Map is nie meer die onskuldige/liefdevolle skoolseun wat sy geken het nie, hy is die bendeleier. √ Map verwys na homself as Map, met die tatoeëermerke wat hy gekry het as bewys van sy bendedade, hy is nie onskuldig nie. √ OF Ja. Map het verander en hy is nou weer soos die ou Johnnie. √ Map noem homself Johnnie as hy met Antie Grootmeisie praat. √	1 2
15.6	Hy het voor die trein ingery/selfdood gepleeg. √ Dit was die besluit van ’n swakkeling, want nou laat hy sy gesin in die steek./ Cavernelis het nie regtig ontsnap nie, want hy is nie vry van die Vlakte nie./ Cavernelis laat sy gesin in die steek, want hulle sal nou glad nie kan ontsnap nie./ Cavernelis se gesin is nou verneder, √ want hulle is gespot oor die droom wat nie realiseer het nie. √ *Die kandidaat gee sy/haar eie siening en gemotiveerde keuse binne die konteks van die drama.*	1 2
15.7	Verwikkeling √	1
15.8	Hy is geldgierig. √ Hy gebruik mense. √	2
15.9	Uiterlike konflik. √ Nadat Maud vir Cavernelis ingeroep het, het Cyril-hulle weggestap. √	1 1
15.10	Hy werk by die poloniefabriek. √ Hy verkoop *soft goods*. √ Hulle het konflik./ Hy bestee min tyd by die huis wat tot konflik lei./ Hy verwaarloos vir Maud./ Sy voel afgeskeep. √	2 1
15.11	Ja. Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word wat nie ’n *decent* optrede van ’n pa is nie. √ *Nee kan nie as korrek aanvaar word nie.*	1

15.12	Gevangenisskap/vasgevangenheid.√	1
15.13	Dit beklemtoon wie die *onse types* is waarvan Cyril praat. √	1
		25

OF

MEMORANDUM: DRAMA: MIS – REZA DE WET

VRAAG 16: Literêre opstel

Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL − ROMAN EN DRAMA.

LET WEL:

- Dit is ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie. \
- *Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.*
- *Geen regmerkies meer nie, maar kodes in die plek daarvan.*

Die kandidaat gee ’n gepaste Inleiding

- Die drama speel af teen die **agtergrond van die depressiejare. Dit plaas die vrouekarakters en Gabriël in hierdie tyd wat daarop dui dat dit moeilike jare was./**dat armoede geheers het./dat hulle **swaargekry het, want Miem noem dat Gabriël sy plaas verloor het.**
- **Gabriël kon dit nie hanteer nie en het hom onttrek van die lewe** en is reeds vir sewe jaar bo alleen in die solder./hy het daarheen ontvlug.
- Hierdie agtergrond/tyd **veroorsaak dat Miem ’n moeilike bestaan voer, want** hul bly op ’n kleinhoewe en moet mis in sakke bymekaar maak om ’n lewe daaruit te maak.
- Dit lei ook **dat Miem die rol van ’n matriarg in hierdie omstandighede het,** want sy waak oor Meisie/haar enigste dogter en moet haar beskerm.
- **Miem is verantwoordelik vir die hele huishouding**, daarom is sy dominerend teenoor Meisie.
- Miem **beheer Meisie en regeer haar met ’n ysterhand, want sy behandel haar soos ’n slaaf** – “vee en afstof, skoonmaak....”
- **Meisie is dus a.g.v. die depressietydperk gedwing om hardwerkend** te wees, omdat hulle moet oorleef./in die aande help sy goiingsakke toewerk./sy moet was en stryk . Meisie het daarom ook nie ’n keuse nie **sy moet haar ma help, want “my ma het net vir my”...**
- **Miem en Meisie versorg Gabriël/sien om na sy welstand**, want hul stuur vir hom kos in ’n mandjie op./gooi die slopemmer uit.
- Dié omstandighede **maak dat Meisie bang is vir haar pa “sy seningrige hand...”** en het dus ’n duidelike invloed op Meisie en Miem – as gevolg van die depressietyd en die feit dat hulle hul plaas verloor het.
- Die **invloed wat dit op Miem het is dat sy alleen gelaat is/sy is eensaam**, want sy erken later aan Konstabel dat sy ’n man mis om haar nag te sê.
- **Miem moet Meisie alleen grootmaak**, daarom tree sy oorbeskermend op en gun Meisie niks.
- **Miem tree oorbeskermend op en gun Meisie niks nie** omdat sy haar alleen moes grootmaak.
- **Miem toon geen begrip vir Meisie** se nuuskierigheid oor die sirkus nie – sy **verbied Meisie** om na die liggies en musiek te luister.
- **Die tyd dui ook op die datum, 31 Augustus**.. Op hierdie datum het daar **vorige verdwynings plaasgevind, want die vrouens is bang en daar heers onheil oor die verdwynings**. Daar word genoem van Rienie Pieterse en Sannie Koen se verdwying –

die karakters noem van die polisiehonde en die gevaar buite.

- Hierdie "onheil"/"vrees" veroorsaak dat die karakters toegesluit in die armoedige huis bly **– bang vir die onheil en die sirkus wat jaarliks dieselfde tyd in die dorp is.**
- **Miem noem dat sy Meisie sal beskerm "soos 'n voëltjie in 'n nessie.."** Dit veroorsaak dat **Miem as 'n bewaker van die sedes optree, want sy wil Meisie beskerm**. Sy dink dat sy die bose besweer en Meisie teen alle gevaar sal beskerm.
- **Meisie hoor net van die onheil en is bang,** aangesien sy nie weet wat die gevaar is nie – sy maak staat op Miem.
- **Gertie, 'n oujongnooi, wat alleen bly, is ook vasgevang in haar eensaamheid,** want op hierdie aand "wil sy nie alleen wees nie." Sy kom na Miem en Meisie op hierdie aand.
- Die feit dat sy met die konstabel se vertelling van sy tant Hannie haar meeleef, wys dat sy 'n sensuele kant het en dat sy aandag en bevryding soek.
- **Die tyd, datum is egter ook op die vooraand van lentedag**, want Miem en Meisie sorg dat hul genoeg sakke **mis gereed het vir 'n misbesending, want lente beteken 'n nuwe lewe**, 'n nuwe begin en groei. Miem noem dat die boere dit nodig het vir bemesting.
- Dié **verwysing na lente (tyd) is simbolies vir Meisie** – sy noem ook dat **sy blomme/rose geplant het om die omgewing aangenaam te maak, maar vir haar is dit ook 'n nuwe lewe** wanneer sy aan die einde **'n nuwe lewe saam met Konstabel tegemoet gaan, as sy in haar voorstelrok uit die kombuisdeur dans, bevryding tegemoet.**
- Die feit dat die **drama in die nag afspeel**, maak ook deel van die tyd in die drama uit. Dit het ook 'n invloed op die karakters **– al die gebeure is in die aand en nag**, daarom is al die vrouekarakters meer bewus van die **onheil, die bangheid**, want
- Om **middernag (magiese uur) word Meisie soos 'n Aspoestertjie bevry;** het Konstabel transformeer en neem hy Meisie weg .
- **Die ruimte in die drama is Miem en Meisie se armoedig huisie/pondokkie**. Hierdie ruimte skep 'n **mistroostigheid, want die huilwind skep so stemming** en beinvloed die karakters , want dit dui op 'n troostelose bestaan wat hul voer.
- Die buiteruimte is die sirkus, die sirkusmusiek wat ook 'n invloed op die karakters het. **Miem besweer die boosheid van die sirkus,** maar **Meisie hunker na die liggies en musiek – dus na bevryding.**
- **Miem is bang dat Meisie op hierdie onheilsnag iets sal oorkom** terwyl die sirkus in die dorp is – **daarom tree sy oorbeskermend op,** want sy **stuur Meisie uit** as sy oor die **verdwynings** met Konstabel praat.
- **Miem glo almal moet haar waardes deel** en daarom **mag Meisie nie oor die sirkus praat nie, "want om te dink is om te doen"** – dit maak dat sy veroordelend is teenoor almal.
- **Hierdie ruimte veroorsaak dat Miem onverbiddelik/streng teenoor Meisie is**, want sy huiwer nie om **Meisie emosioneel af te pers** as sy haar betrap dat sy na die liggies kyk nie – herinner haar gedurig dat sy siek was toe Meisie na die sirkus uitgeglip het.
- **Die invloed wat die ruimte en omstandighede op Miem het, is ook dat sy naïef vertrou en die "gevaar", Konstabel binnelaat om hulle te beskerm.**
- **Miem wil uit haar ruimte ontsnap**, daarom **smeer sy Meisie aan Konstabel** af in die hoop dat Gabriël sal afkom.
- **Meisie** wat **ingehok en beklemmend leef wil uit die omstandighede** – want sy ervaar dit as neerdrukkend – a.g.v. haar harde werk, die feit dat **niemand vir haar kom kuier nie**, want sy het **geen vriende nie**. (sy vertel dit aan Konstabel)
- **Die buiteruimte, die sirkus**, **prikkel Meisie se nuuskierigheid**, want dit lok haar. Sy kyk gedurig na die tent en liggies; sy vertel opgewonde vir Konstabel van haar besoek; sy wil graag by Gertie hoor hoe dit lyk.Sy wil ontsnap uit die omstandighede, want sy volg Konstabel en dans soos 'n vlinder by die deur uit.
- **Gertie se ruimte is ook een van vasgevangenheid**. Sy kom op die aand na Miem-hul om nie alleen te wees nie, want haar eie huis is neerdrukkend – sy is bang. Sy het ook uile gehoor.
- Die **invloed wat die buiteruimte, die sirkus, op haar het is** dat dit 'n bevrydende ruimte vir haar is, want sy smag om die sirkus te ervaar – daarom gaan kyk sy na die fratse "ek het net gekyk sodat ek my seëninge kan tel"

- **Die solder is Gabriël se ruimte wat sy ingeperktheid/ontvlugting aandui**. Die geluide en krakerige geluide wat Miem en Meisie hoor, maak hul ongedurig en bang.
- **Hy bly in die solder en dit perk sy bewegings in,** want hy loop onrustig heen en weer – Miem noem ook dat sy sy onrustigheid en gehoes gehoor het.
- Gabriël **se ruimte veroorsaak dat hy gefrustreerd is,** want een keer gee hy 'n angswekkende skreeu – om van sy opgekropte emosies ontslae te raak.
- Dit het ook 'n invloed op sy gesondheid, want hy nies en Miem noem dat hy lank gehoes het.

Slot
Die kandidaat gee 'n gepaste slot.

Vraag 17: Kontekstuele vrae

Vr	Antwoord	Punt
17.1	Miem het Gertie saam met haar uit die kombuis geneem om Gertie se bed op te maak. √ (sodat Meisie en die konstabel mekaar kan leer ken. Miem hoop daardeur dat die konstabel in Meisie sal belangstel.) Miem se konserwatiewe/streng, tipiese volkmoeder, eng geaardheid stem nie met hierdie optrede ooreen nie; haar optrede dui eerder op 'valse moraliteit' – om Meisie aan die konstabel af te smeer om Gabriël terug te kry. √ *Kandidaat bied enige gemotiveerde antwoord aan wat daarop dui dat dit NIE met haar karakter ooreenstem NIE*	1 1
17.2	Sy verwys na die sirkus √	1
17.3	Nuuskierig/ entoesiasties/vreesbevange/kinderlik opgewonde/skaam/naïef √√√ • Sy is nuuskierig/entoesiasties/geïnteresseerd in die sirkus*(opgewonde/loer)* • Sy ervaar innerlike konflik/innerlike stryd, want sy is vreesbevange, omdat haar ma haar verbied/sy mag nie na sirkus toe gaan *(vreesbevange, opgewonde*); sy weet sy mag nie praat nie, maar wil hoor en is bang Konstabel vertel • Naïef – sy glo die konstabel – hy het belowe om nie vir haar ma te vertel nie *(duidelik verlig)* • Sy is skaam/onseker van haarself/voel altyd skuldig omdat haar ma haar oorheers, sy nie ondervinding in vriendskap het nie/nie vriende het nie • Kinderlik (omdat sy so opgewonde is oor die sirkus) *Die kandidaat bied TWEE enige soortgelyke karakter-eienskappe aan in konteks met bogenoemde of uittreksel vir EEN punt elk* *Enige karaktereienskappe: Kandidaat kan net die eienskappe noem, wat die vraag vereis* Konstabel sou maklik haar nuuskierigheid oor die sirkus kon uitbuit en haar aanmoedig / hy sou maklik haar n**aïw**iteit, dat sy maklik glo / haar onsekerheid kon manipuleer – hy hou ook aan met "jy kan tog vir my sê," "ek hou ook van die sirkus"/kan haar oorreed √ *Die kandidaat bied enige gemotiveerde eienskap aan wat Konstabel in konteks met uittreksel kon gebruik om Meisie te manipuleer*	3 1
17.4	Die hooftema is bevryding. √ Meisie glip uit na die sirkus waardeur sy haar vir 'n rukkie bevry van die hunkering en begeerte om uit vasgeknelde, morbiede omstandighede bevry te word. √	1 1

	In Meisie se vertelling gaan dit oor die **bevryding van die meisie** uit **die kis en**√ die **bevryding van die voëls uit die kou**. √	2
17.5	Meisie weet sy is nie veronderstel om met die konstabel oor haar besoek aan die sirkus te praat nie,/ om na die sirkus te kyk nie/vreesbevange as sy daaroor praat,/om te dink is om te doen/weet haar ma het haar verbied om na die sirkus te kyk **maar**sy wil graag/opgewonde/verlig en besluit om dit te doen.	1
17.6	Die verskyning van die konstabel vroeër in die drama√ Ja, want die verskyning skep die moontlikheid vir die handeling in die res van die drama./Dit is die motoriese moment in die drama en die konstabel se verskyning het die handeling aan die gang gesit. √ *Net die motivering word bepunt.*	1 1
17.7	Die vrouens is blind/sien nie duidelik/is in die duister oor wie die konstabel werklik is/sien nie die werklikheid, die waarheid t.o.v. die konstabel se bedoelings nie. √	1
17.8	Onheilspellend/onrustig/spannend √ Die hele drama is onheilspellend/spannend as gevolg van die verdwyning van die meisies en Konstabel se verskyning/as gevolg van die verwysing na die "bose" die "onheil" wat met die verdwyning van die meisies en die sirkus gepaardgaan. √	1 1
17.9	Haar nuuskierigheid √ Dit kan tot haar voordeel strek, want sy kan meer van Konstabel uitvind om hom moontlik in haar geïnteresseerd kry./Sy kan haarself so bevry uit haar eensaamheid/oujongnooiskap. √ *Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan.*	1 1
17.10	Hy wil moontlik Gertie laat nadink oor die feit dat sy nie die waarheid praat nie/oor die leuen/dat dit nie werklik so is nie./ Dalk wil hy sy blindheid so bevestig/skep humor of dramatiese ironie vir die gehoor en leser wat weet dat hy nie blind is nie? √ Gertie voel skuldig/ongemaklik, sy besef sy het nie die waarheid vertel nie./Sy wil dalk nie terugkeer na die werklikheid van haar "yl, dun haartjies" nie. √	1 1
17.11	Die ander leuen is dat sy vir Miem vertel dat sy buite gaan oefen het, dit is nie waar nie – sy het haar klere gaan regtrek/buite aangetrek. √	1
17.12	Gertie kom aan die begin van die drama na Miem se huis omdat dit 'n toevlug/veilig is teen die dreigende onheil in die dorp √ Die paradoksale teenstrydigheid is dat sy uit haar "groter ruimte", haar huis, na die armoedige, beklemmende ruimte van Miem kom en dat dié ruimte vir haar 'n plek van bevryding word, want vir 'n kort rukkie transformeer sy in 'n begeerlike tant Hannie. √ *Nog iets soos bv.*: Miem se huis is vir Gertie 'n veilige hawe/toevlug, maar nou stel sy haar juis bloot aan Konstabel deur op te tree soos die begeerlike tant Hannie.√	1 1

	Ja, daar is 'n ooreenkoms, want Meisie ervaar in teks I bevryding met haar sirkusverhaal,(wat in die stadium tydelike bevryding is,) net soos Gertie in teks J tydelike bevryding ervaar in haar belewing van die verhaal oor tant Hannie, (want sy moet weer "aantrek" en na die werklikheid terugkeer.) √ *Die kandidaat bied die ooreenkoms aan om die punt te verdien.*	1

25

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	5–6 Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en gedig	4 -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en gedig duidelik	3 -Redelike interpretasie van die onderwerp. -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en gedig	2 -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp -Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie -Onvoldoende begrip van genre en gedig	0–1 -Geen begrip van die onderwerp nie -Geen verwysing na die gedig nie -Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	4 -Samehangende struktuur -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek -Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	3 -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument -Vloei van argumente kan gevolg word -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	2 -Enkele bewyse van struktuur -'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel -Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas	1 -Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie	0–1 -Struktuur swak -Ernstige taalfoute -Foutiewe styl

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	12–15 -Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 -Diepgaande interpretasie van onderwerp -Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is -Uitstekende begrip van die genre en teks	9–11 -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer -Respons redelik gedetailleerd -Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie -Begrip van genre en teks duidelik	6–8 -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie -Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp -Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie -Basiese begrip van genre en teks	4–5 -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie -Min punte wat die onderwerp ondersteun -Baie min relevante argumente -Weinig begrip van genre en teks	0–3 -Geen begrip van die onderwerp nie -Swak poging om die vraag te beantwoord -Argumente oortuig nie -Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	8–10 -Samehangende struktuur -Uitstekende inleiding en slot -Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling -Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	6–7 -Duidelike struktuur -Logiese vloei van argument -Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer -Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	4–5 -Enkele bewyse van struktuur -Logika en samehang is duidelik, maar met foute -Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas -Paragrafering meestal korrek	2–3 -Struktuur toon tekens van swak beplanning -Argumente nie logies gerangskik nie -Taalfoute beduidend -Toon en styl nie geskik nie -Paragrafering foutief	0–1 -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente -Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk -Styl en toon nie geskik nie -Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4

Kopiereg voorbehou